# Hoofstuk van die dag: Jeremia 44

> *Die vrouens het bygevoeg: "Dink jy ons het sonder die medewete van ons mans vir die hemelkoningin wierookoffers gebring en drankoffers uitgegiet en vir haar offerkoekies gebak wat soos sy lyk?" (Jer 44:19)*

Dis opmerklik hoe prominent vroue in hierdie gedeelte is (vers 7, 15, 19-20). Dit is duidelik dat die vroue hier die leiding geneem het. Hulle was immers die voorbokke in die aanbidding van die hemelkoningin (vers 19). Hulle was ook nie tevrede met hoe hulle mans Jeremia geantwoord het nie, en daarom het hulle voortgeborduur op hulle mans se antwoord. In ’n tyd toe vroue eintlik nie ’n stem gehad het nie en moes stilbly in ’n vergadering, was dit merkwaardig.

Die waarheid is dat vroue die ruggraat van die samelewing is. Dit is ook by ons so, soos toe die vroue gedreig het om kaalvoet oor die Drakensberge te loop toe hulle mans gehuiwer het om Natal te verlaat. Ons Nasionale Vrouedag herdenk ook die besondere rol wat vroue in ons landsgeskiedenis gespeel het.

Kerkhistorici sê die besondere groei in die vroeë kerk is te danke aan die vroue in die kerk. Húlle was die draers van die geloof, en húlle het dit aan hul kinders oorgedra (vgl 2 Tim 1:5).

Wat ’n voorreg! Wat ’n verantwoordelikheid!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026